Leêr Nr : 5/3 Eiendom Waardasies**:** Kennisgewing Nr. 57/2020 Datum : 06/10/2020

PLAASLIKE OWERHEID: STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

OPENBARE KENNISGEWING VIR DIE INSPEKSIE EN INDIEN VAN BESWARE TEEN DIE *ALGEMENE WAARDASIEROL 2021*

Kennis geskied hiermee kragtens die bepalings van Artikel 49(1)(a)(i) van die Plaaslike Owerhede: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet 6 van 2004) hierna verwys as die "Wet" dat die Waardasierol vir die boekjare 2021-07-01 tot 2025-06-30 **ter insae lê vir openbare inspeksie** by die onderskeie Munisipale kantore sowel as die raad se webwerf by www.stellenbosch.gov.za **vanaf 2020-11-05 tot 2021-01-15**.

Geliewe kennis te neem dat enige eienaar van vaste eiendom of enige ander persoon kragtens die bepalings van Artikel 49(1)(a)(ii) van die Wet **'n beswaar binne bovermelde tydperk kan indien** by die Munisipale Bestuurder ten opsigte van enige aangeleentheid of uitsluitsel rakende die eiendomswaardasielrol.

U aandag word spesifiek gevestig op die bepalings van Artikel 50(2) van die Wet wat bepaal dat 'n beswaar na 'n spesifieke eiendom moet verwys en nie na die Waardasierol sodanig nie. Die voorgeskrewe beswaarvorms is verkrygbaar vanaf die webwerf www.stellenbosch.gov.za of by die onderstaande Munisipale kantore:
Pleinstraat, Stellenbosch :: Hugenotestraat, Franschhoek :: Hoofstraat, Pniel

Kantoor ure vir navrae : 08h00 – 16h00 :
Elleniece Standaar (Tel : 021- 808 8515) of Marinda Blaauw (Tel : 021-808 8662)

Die voltooide vorms kan ge-epos word na : **valuations@Stellenbosch.gov.za**
en gepos word na: Posbus 17 STELLENBOSCH 7599, vir Aandag : Waardasie Afdeling

G METTLER
MUNISIPALE BESTUURDER

VERSKYN:	PROVINCIAL GAZETTE	06/11/2020
	DIE BURGER	05/11/2020 + 12/11/2020
	EIKESTADNUUS	05/11/2020 + 12/11/2020
	PAARL POST	05/11/2020 + 12/11/2020
	ALLE KENNISGEWINGSBORDE	05/11/2020 + 12/11/2020